

KOMMISSIE HERVAT 6 MAART 1990.

A.J.M. JOUBERT v.o.e.:

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Ja, hierdie getuie se verklaring word dan voor u gelê as BEWYSSTUK C6. Generaal, sal u u verklaring net met ons deurgaans, asseblief, van para- graaf 1, asseblief. Lees hom. -- Moet ek hardop lees?

Ja, sodat almal kan hoor. -- Ek is 'n generaal-majoor in die Suid-Afrikaanse Weermag en die adjunkhoof van staf-inligting gestasioneer te Pretoria. Die feite in hierdie verklaring vervat strek tot my persoonlike kennis tensy (10) dit uit die samehang anders mag blyk. Gedurende 1985 is ek aangestel as die bevelvoerende generaal van spesiale magte. Ek het reeds gedurende September 1985 die oorname begin doen en het amptelik bevel oorgeneem op 1 November 1985, synde die- selfde datum waarop generaal J.J. Geldenhuys oorgeneem het as hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag. Reeds die vorige hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, generaal Viljoen, het sekere opdragte gegee vir die optrede teen die ANC en meer bepaald sy militêre vleuel Umkhonto we Sizwe. Na my oorname van spesiale magte is hierdie proses en gepaardgaande beplanning voort-(20) gesit. Die kern van hierdie beplanning het op die volgende neergekom: Om die ANC in die buiteland maksimaal te ontwrig, en tweedens, dat 'n koverte organisasie verdeel in streke gestig moes word. Vanselfsprekend moes die voormelde optrede op so 'n wyse uitgevoer word dat dit nie tot die Suid-Afrikaanse Weermag en derhalwe die staat teruggespoor kon word nie. Na- dat ek amptelik op 1 November 1985 bevel van spesiale magte aanvaar het, is die voormelde plan aan die hoof van die Suid- Afrikaanse Weermag en die minister van verdediging voorgelê wat dit in beginsel goedgekeur het. Tydens my oorname het(30)

daar/..

reeds 'n koverte organisasie as deel van die spesiale magte bestaan genaamd Barnicle. Hierdie organisasie wat voorheen bekend gestaan het as D40 was 'n klein organisasie bestaande uit opgeleide operateurs en vorige lede van die Rhodesiese weermag. Hierdie persone was almal op die betaalstaat van die Suid-Afrikaanse Weermag en is gebruik as basis vir die nuwe organisasie wat beoog is. Nadat in streke verdeel is, is besluit om die naam van die organisasie te verander na 3VR

(3 Verkenningsregiment). 3VR was naamlik 'n goedgekeurde eenheid van spesiale magte wat reeds vroeër ontbind het. Nog (10) later, en as gevolg van die militêre konnotasie wat aan die naam 3VR geheg word, is besluit om die naam te verander na Burgerlike Samewerkingsburo (BSB). Hierdie naamsverandering het volgens my herinnering ongeveer April 1986 plaasgevind.

Nadat generaal Geldenhuys oorgeneem het as hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag is daar tydens oefeninge met die verdedigingsbevelsraad, die VBR, 'n oefening gedoen rondom die verpersoonliking van die vyand, dit wil sê bevelvoerders moes hulle eweknie (opponente) identifiseer. Aan die einde van hierdie oefening is daar besluit dat die hoof van die (20)

Suid-Afrikaanse Leër verantwoordelikheid vir die bekamping van die ANC se militêre vleuel moes aanvaar. Voormelde besluit het tot gevolg gehad dat herbepanning binne spesiale magte gedoen moes word ten einde steun aan die hoof van die leër te kan gee.

Die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag het toe die doel van spesiale magte verander om as volg te lees:

"Om ter ondersteuning van die veiligheidsmagte en soos opgedra deur HSAW die vyande van die staat maksimaal te ontwrig."

Waar ek dus voorheen ten aansien van die ANC direk aan (30)

HSAW gerapporteer het, moes ek nou aan die hoof van die leër rapporteer ten aansien van die ANC. Dit het egter nie beteken dat HSAW nie direk opdragte in hierdie verband aan my kon gee nie.

As gevolg van die koverte wyse waarop BSB opgetree het en die unieke situasie van sy lede, is gevoel dat die bestaande tesourieregulasies nie voldoende was om effektief te kon optree nie, is nuwe finansiële en personeelprosedures opgestel en is later goedgekeur. Die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag is in verband met hierdie prosedures voorlig. Die finansiële stelsels en personeelplan is as (10)

aanhangsels A en B tot die verslag van generaal-majoor Klopper se verslag aangeheg. Ek het nie tydens my oorname as bevelvoerder van spesiale magte 'n amptelike bevelsdirektief ontvang nie. HSAW het egter tydens 'n reeks spanboue 'n oefening gedoen wat tot gevolg gehad het dat elke lid van die VBR sy eie bevelsdirektief moes saamstel wat ek dan toe ook gedoen het. Met die oorhandiging van my bevel oor spesiale magte aan generaal-majoor Webb het ek hierdie bevelskrif aan hom oorhandig.

In 'n daaropvolgende proses het die direkteur bestuursdienste 'n gekonsolideerde bundel van bevelsdirektiewe saamgestel waarin hierdie direktief ook woorde-lik vervat was. Hierdie bevelsdirektief word as aanhangsel E tot generaal-majoor Klopper se verslag aangeheg.

VOORSITTER: VBR, wat is dit? -- Die verdedigingsbevelsraad.

MNR. McNALLY: Mnr. die Voorsitter, daar word hier verwys na generaal Klopper se verslag en die aanhangsels daartoe. Hy sal later in die oggend geroep word daaroor. Ek het geen verdere vrae, dankie.

Die volgende getuie is dan generaal-majoor Klopper wat so pas genoem was. (30)

JAN ADRIAN KLOPPER v.o.e.:

MNR. McNALLY: Die oorspronklike van sy verklaring met aanhangsels word aan die kommissie voorgelê as synde BEWYSSTUK C7.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Generaal, u het 'n verklaring voor u, BEWYSSTUK C7. Sal u net daarvan begin lees, asseblief. -- Ek, Jan Adrian Klopper, van leërhoofkwartier, Pretoria, verklaar hiermee onder eed: Ek is 'n generaal-majoor in die Suid-Afrikaanse Weermag en tans werksaam soos hierbo genoem as hoof van leërstaaf-operasies. Ek is op 19 Janu- (10) arie 1990 deur die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag aangesel om ondersoek in te stel hoe spesiale magte se frontorganisasie BSB georganiseer, beman, bestuur en bedryf word. Die opdrag aan my en brigadier Pfeil word as aanhangsel A aangeheg.

Kan ons net 'n bietjie daar stilstaan en sal u blaai na daardie aanhangsel, asseblief en dit aan die kommissie voorlees. -- Hiermee word die ondergenoemde projekspan saamgestel om die opdrag soos vervat in paragraaf 2 hieronder uit te voer: Nommer, rang, J.A. Klopper, SA staf K (leër) en (20) brigadier H. Pfeil.

Opdrag: Die doel van die projekspan is om te bepaal hoe spesiale magte se frontorganisasie BSB georganiseer, beman, bestuur en bedryf word. Rapportering moet onder andere ten opsigte van die onderstaande spesifieke aspekte gemaak word: Die doel, organisasie, werkswyse, opdraggewing, goedkeuringsprosedure, personeelbeleid, finansiële beleid, logistieke beleid en sekerheid. En dan gaan dit aan oor die projekbestuur. Bevel en beheer: Die projekspan rapporteer direk aan die Suid-Afrikaanse Weermag vir die uitvoering van sy taak. Die hoof van die SA Weermag se afdeling (30)

militêre/..

militêre inligting is verantwoordelik vir die administrasie van die projekspanlede. Gesag: Die projekspan ontleen sy gesag aan die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag en word gemagtig om na goeë dunnke van die projekleier binne die SAW met enige persoon te skakel. Vir doeleindes van die projekspan se opdrag word alle militêre personeel en ander persone in diens van die SA Weermag aan wie hierdie brief deur die projekleier getoon mag word, hiermee beveel om ondanks enige andersluidende orders of instruksies, alle hulp en samewerking en informasie wat die projekspan mag benodig om sy opdrag uit te voer, (10) aan die projekspan te verleen. Koöptering: Die projekleier het die reg om enige lid van die SAW vir diens te koöpteer. Verslagdoening: Die projekleier moet volgens sy oordeel van tyd tot tyd HSAW met betrekking tot vordering inlig. Die terugrapportering moet so spoedig moontlik geskied maar in elk geval nie later as 15 Februarie 1990 nie.

Generaal, hierdie was 'n skriftelike opdrag. Is dit so dat u 'n skriftelike verslag opgestel het wat u aan die opdraggewer oorhandig het al? -- Ek het dit so gedoen.

Wanneer is dit gedoen? -- Die opdrag - die verslag (20) aan die opdraggewer is Maandagoggend, gisteroggend, oorhandig aan sy kantoor.

Is dit korrek dat daardie verslag wat u opgestel het nie beperk was tot die binnelandse projekte van BSB nie, maar dat dit wye gegaan het, naamlik ook in verband met die buitenlandse projekte? -- Dit is reg.

Voorsitter, as gevolg daarvan is daar besluit om die hele verslag nie in te handig nie en in oorleg met die getuie het ek dit wat betrekking het op die binnelandse projekte in die verklaring beliggaam wat nou voor u is. Ek dink in die (30)

proses/..

proses het aanhangsel E, waarna die vorige getuie verwys het, weggeval. -- Dit is korrek.

Sal u dan voortgaan met paragraaf 2 van u verklaring. -- Die projekspan is nie 'n formele raad van ondersoek in terme van artikel 136 van die eerste bylae van die Verdedigingswet, Wet nr. 44 van 1957, soos gewysig, nie en het gegewens ingewin deur middel van onderhoude met die volgende persone:

Luitenant-generaal R. Badenhorst, hoof van staf-inligting van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Generaal-majoor A.J.M. Joubert, 'n vorige bevelvoerende generaal van spesiale magte. (10)

Generaal-majoor E. Webb, die huidige bevelvoerende generaal van spesiale magte.

Joe Verster, die besturende direkteur van BSB.

Brigadier D.J. Jacobs die direkteur bestuursdienste van die Suid-Afrikaanse Weermag.

Tensy andersins vermeld berus alle inligting in hierdie verklaring slegs op onderhoude wat met generaal-majoor Webb en Joe Verster gevoer is. Die doel van BSB is om spesiale inligting in te samel met betrekking tot die vyande van die (20) staat asook om uitvoering te gee aan optrede teen sodanige vyande in die buiteland waar geen ander veiligheidsmagte toegang het nie. Optrede teen sodanige vyand beteken om hulle planne sodanig in die war te stuur dat die planne nie ten uitvoer gebring kan word nie of dat die uitvoering van sodanige planne oneffektief is. Dit behels ook steun aan ander vertakkinge van die Suid-Afrikaanse Weermag in die uitvoering van hulle take. Die optrede is op alle terreine waarop die vyand hom toelê. Die organisasie wat bekend is as BSB staan onder die beheer van die bevelvoerende generaal van spesiale (30)

magte/..

wat 'n vertakking van die Suid-Afrikaanse Weermag is. Die bevelvoerende generaal spesiale magte is generaal-majoor E. Webb. BSB bestaan in breë trekke uit 'n sentrale beheerorganisasie of hoofkwartier met 'n aantal streeksorganisasies onder sy beheer.

Alhoewel die organisasie sy formele beslag eers op 7 April 1986 gekry het, het dit reeds ontwikkel sedert 1980. Daar is onder andere 'n streek bekend as streek 6 wat die RSA se binneland as verantwoordelike gebied het. Verder is daar ook twee funksionele streke, naamlik streek 9 vir sosiaal maatskaplike steun aan die organisasie en streek 10 finansiële steun aan die organisasie. Die beheer of hoofkwartier van die organisasie bestaan uit 'n besturende direkteur, te wete Joe Verster, met die normale ondersteunende seksies vir sake met betrekking tot personeel, inligting of intelligensie, logistiek en sekuriteit.

Finansiële ondersteuning word deur streek 10 behartig. Steun aan die inligtingseksie word deur streek 9 behartig. Personeelsake, finansies en logistiek word bedryf volgens die beleid, riglyne en stelsels wat in die aangehegte voorskrifte neergelê is, terwyl inligting en sekuriteit volgens normale weermagspraktyke bedryf word. Die (20) finansiële beleid en personeelbeleid word as aanhangsels B en C onderskeidelik by die verklaring aangeheg.

Ja, dit is lywige dokumente, mnr. die Voorsitter, wat ons nie hier sal uitlees nie, maar dit is tot die beskikking van enigiemand wat daarna wil kyk. -- Op die volgende vlak, naamlik die streke, het elke streek 'n streeksbestuurder met hanteerders wat hom bystaan en wat finansies, personeelaangeleenthede, administrasie en die bestuur van die lede in die streek behartig.

Elke streek bestaan verder uit 'n aantal lede afhangende van die omvang van die streek of die (30)

funksie. Indien enige moontlike optrede geïdentifiseer word, word daar 'n voorstudie gedoen. Tydens die voorstudie word ge-noegsame informasie ingewin om dit moontlik te maak om 'n uitvoerbaarheidstudie te doen sodat dit voorgedra kan word vir goedkeuring, al dan nie. Uitvoerbaarheidstudie word op streekvlak gedoen. Na die voordrag van die plan aan die besturende direkteur waartydens die plan afgekeur kan word, gewysig kan word of terugverwys kan word vir herbepanning of aanvaarbaar gevind kan word, word dit verder voorgedra aan die bevelvoerende generaal. Die bevelvoerende generaal spesiale magte kan die plan aanvaar en goedkeur. Hy kan egter ook die plan terugverwys of afkeur. Hy kan ook die plan verder voordra aan die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag volgens sy diskresie. Die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag kan op sy beurt die plan goedkeur, afkeur of terugverwys. Die voorstudie vir enige moontlike optrede moet deur die besturende direkteur goedgekeur word. Dit geld as magtiging vir die voorstudie om plaas te vind. Die plan wat voortvloei uit die voorstudie en wat deur die besturende direkteur aanvaar is, moet deur die bevelvoerende generaal spesiale magte goedgekeur word of afgekeur word. Soos reeds gesê kan hy die plan volgens sy diskresie aan die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag voordra. Goedkeuring van die plan dien as magtiging vir die uitvoering van die plan. Hierdie bevelslyn is die enigste lyn waarop bevel en beheer uitgeoefen word. Die handhawing van streng sekuriteit is in alle bedekte operasies van primêre belang. Dit dien om die belange van die staat te beskerm asook dié van die organisasie self. Dit is ook van groot belang om die individuele lede van die organisasie en hulle gesinne en familie te beskerm. Bo en behalwe normale

(30)

sekuriteitspraktyke/..

sekuriteitspraktyke wat toegepas word, word daar van ander maatreëls ook gebruik gemaak. Eerstens, lede gebruik slegs byname of administratiewe name wat behoort te voorkom dat lede van mekaar se ware identiteit en dié van die lede se gesinne bewus is. Tweedens, 'n verdere maatreël is die praktyk van bewuste en onbewuste lede. Slegs sekere lede is bewustelike lede van die BSB-organisasie terwyl andernie daarvan bewus is dat hulle vir so 'n organisasie werk nie. Die lede van die beheerorganisasie en die streeksorganisasies is bewustelike lede en word slegs vir beheer en beplanning aangewend. Onder- (10) kant die streeksbeheervlak is daar onbewuste lede wat nie eers van mekaar se bestaan bewus mag wees nie. Nog 'n maatreël wat by die vorige aansluit is dat veral by die hantering van onbewuste lede daar op 'n een-tot-een-basis gewerk word. 'n Onbewuste lid is dus slegs aan een ander lid bekend en andersom. 'n Verdere maatreël is dat die funksionele hanteerders nie bewus is van wie se finansiële personeel of logistieke aangeleentheid hy hanteer nie. Alle sodanige transaksies word per nommer of administratiewe naam bedryf. Alle bewustelike lede, laastens - alle bewustelike lede is ook onderworpe (20) aan die Wet op Amptelike Geheime. Die finansiële beleid soos vervat in die dokument Finansiële Stelsels is deur die Suid-Afrikaanse Weermag met die tesourie en die ouditeur-generaal uitgeklaar en deur die tesourie goedgekeur op 12 September 1988. Die organisasie BSB kom sover vasgestel kon word, die beleid na. Die personeelbeleid is vervat in die dokument voorgestelde personeelplan wat deur die SA Weermag se personeelafdeling goedgekeur is. Die beleid word, sover vasgestel kon word, stiptelik deur die organisasie BSB gevolg. Logistieke beleid is ook in die finansiële beleid vervat.

Die doel van die spesiale magte van die Suid-Afrikaanse Weer- mag en derhalwe ook die doel van sy frontorganisasie BSB wat deur generaal-majoor Joubert aan my oorgedra is en wat deur die hoof van die weermag aanvaar is, is die volgende: Om ter ondersteuning van die veiligheidsmagte en soos opgedra deur die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag die vyande van die staat maksimaal te ontwrig. Die doel soos in paragraaf 4 van hierdie verklaring weergee wat ek aan die begin gelees het, is derhalwe volgens die projekspan slegs die doel soos dit deur die huidige bevelvoerende generaal en die besturende (10)

direkteur van BSB geïnterpreteer is. Die werklike doel is soos dit in paragraaf 21 hierbo van hierdie verklaring deur generaal-majoor Joubert oorgedra is. Dit word ook deur die bevelsdirektief van die bevelvoerende generaal spesiale magte bevestig. Ter aanvulling van paragraaf 4 van hierdie verslag oor die doel het generaal-majoor Joubert die volgende spesifieke verantwoordelikheid van spesiale magte en derhalwe ook sy frontorganisasie BSB oorgedra "Die SA Kommuniste Party/ANC/PAC-organisasies moet deurlopend met eksterne offensiewe optrede ontwrig word." (20)

Generaal, waar u praat van paragraaf 4 van die verslag moet dit nou lees paragraaf 4 van hierdie verklaring? -- Van hierdie verklaring.

Goed, gaan voort. -- Hierdie verantwoordelikheid is ook volgens generaal-majoor Joubert deur die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag aanvaar. Dit is volgens die projekspan duidelik dat die BSB-organisasie ten opsigte van offensiewe optrede beperk was tot buitelandse optrede. Hierdie siening word bevestig deur die bevelsdirektief aan die bevelvoerende generaal spesiale magte. Daar is nie 'n dokument wat (30)

die ontstaan/..

die ontstaan of instelling van die BSB onderskraag nie. Die organisasie het ontstaan uit 'n reeds bestaande onderafdeling van die spesiale magte, naamlik die Seksie Pseudo-operasies wat reeds vroeër goedgekeur is. Die postestruktuur van die organisasie wat ek beskryf in paragrawe 5 tot 9 van hierdie verklaring, is in terme van die personeelbeleid en die finansiële beleid geskep en gefinansier. Brigadier D. Jacobs het hierdie stelling bevestig. In die goedkeuringsprosedure in paragraaf 12 van hierdie verklaring het generaal Webb sy interpretasie van die prosedure gegee en dit gestel dat hy (10) optredes goedkeur. In die voorligtingstuk wat gebruik was om die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag op 'n geleentheid voor te lig ten opsigte van die magtigingsprosedure vir spesiale mag-operasies is dit duidelik dat die prosedure dit nie toelaat nie. Hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag kon onder sekere omstandighede goedkeuring gee vir die uitvoering van optredes. Indien daar politieke en strategiese implikasies betrokke is, sal hy dit aan die minister van verdediging voorlê vir finale goedkeuring.

Kyk na aanhangsel D wat deur luitenant-generaal Badenhorst aan my oorhandig (20) is.

Kan ons 'n bietjie daar stilstaan en, voorsitter, ek het 'n paar eksemplare van aanhangsel D voorberei, want sonder insae daarin kan 'n mens nie eintlik die getuienis volg nie. Sal u asseblief net stap vir stap aan die kommissie verduidelik hoe die prosedure werk. -- As 'n mens na die diagrammetjie kyk sal u sien aan die linkerkant praat ons van binne die SA Weermag en aan die regterkant buite die SA Weermag. By gesirkelde nommertjie 1 wat aan beide kante voorkom word 'n behoefte geïdentifiseer deur 'n instansie soos die hoof (30)

van die/..

van die leër of spesiale magte of aan die regterkant buite die SAW deur die direkteur-generaal van 'n staatsdepartement, as voorbeeld die SAP Nasionale Intelligensiediens. Hulle identifiseer slegs 'n behoefte. Hulle rig hierdie versoek volgens syfertjie 2 dan aan die hoof van die weermag in die geval van mense binne die weermag of aan hoof van staf-operasies persoonlik of as hulle buite die weermag is, kan hulle die versoek rig aan die minister van verdediging of aan die hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag of aan die hoof van staf-operasies. Dan as 'n mens na die linkerkant van die (10) blokkies toe gaan, die eerste rypyltjies wat boontoe wys, die syfertjie 3 sê beginselgoedkeuring word verkry. Met ander woorde die heel eerste stap is dat daar beginselgoedkeuring gegee word vir die uitvoering van aksie vir die behoefte wat bestaan - slegs beginselgoedkeuring. Dit kan gaan tot bo by die minister van verdediging, indien daar dan politieke of strategiese implikasies by betrokke is. Daar word dan 'n goedkeuring gegee dat daar 'n uitvoerbaarheidstudie gedoen word en hierdie goedkeuring loop af dan met die pyltjies, parallel met die eerste pyltjie by syfertjie 4 en 5 en (20) hy gaan af tot net onderkant die hoof van staf-operasies by syfertjie 6, dan word daar 'n uitvoerbaarheidstudie goedgekeur en gestuur aan spesiale magte. Ons verwys hier ook na ander uitvoerders wat nie ter sprake is verder in hierdie verklaring nie. Die uitvoerbaarheidstudie word dan gedoen soos wat reeds in my verklaring verduidelik is waar daar uitvoerbaarheidstudie gedoen word en goedkeurings gegee word vir die uitvoerbaarheidstudie deur mense in spesiale magte en BSB. Sodra die plan dan sy goedkeuringsvlak by die spesiale magte bevelvoerende generaal verbygaan, dan kom dit terug na die (30) hoof van/..

kyk net na die tegniese aspek daarvan, of dit voldoen aan die opdrag soos dit oorspronklik gegee is en hy lê dit voor aan die hoof van die SA Weermag, syfertjie 10, wat dit finaal kan goedkeur of, soos syfertjie 11 sê, vir finale goedkeuring aan die minister van verdediging persoonlik kan voorlê as daar politieke of strategiese implikasies aan verbonde is. Dan kom - as dit goedgekeur word, dan word daar volgens syfertjie 12, 13 en 14 'n opdrag uitgegee en die opdrag word dan afgegee weer tot by spesiale magte wat dan sy opdrag vir uitvoer- (10) ing is.

Gaan voort met u verklaring dan, die laaste deel. -- Luitenant-generaal Badenhorst was voor sy huidige aanstelling die hoof van staf-operasies van die Suid-Afrikaanse Weermag en het hy in hierdie pos volgens die diagrammatiese voorstelling 'n verantwoordelikheid gehad en hy is bekend met die proses.

Generaal, in u verklaring gee u die algemene beleid en die strukture, maar het u gekyk na enige spesifieke projek wat deur die BSB hanteer was? -- Nee.

Het u nie 'n enkele projek se dokumentasie voor oë (20) gehad nie? -- Nee.

Het u dit nie as deel van u opdrag gesien nie? -- Ek het dit nie as deel van my opdrag gesien nie.

Dankie, mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Mnr. Hattingh, is daar iets wat u wil hê op hierdie stadium?

MNR. HATTINGH: Ek het geen vrae.

MR LUITINGH: Mr Chairman, in respect of a number of the witnesses who had already given evidence it is apparent that documentation has been made available and we have requested (30)

it /..

K3.23

- 73 -

KLOPPER

it. We hope that at a later stage, when all the documentation and a global picture has formed, that we might be given an op-

portunity to think it is proper to cross-examine, but we have already seen that it may have been inopportune to ask certain witnesses questions when other witnesses have clearly got that port folio, so at this stage our silence is not an abrogation of the right if you think it is proper to cross-examine not to do so, but ..

CHAIRMAN: I accept that it is not an abrogation of a non-existent right. (Laughter) No, if the party wishes, that (10) is the system I prefer to follow is to have all the evidence-in-chief as far as possible and in the end it is then easier to identify the issues, but obviously it is not always applicable, but at the present stage it appears to be the more convenient way.

MNR. BURGER: Mag ek net een vraag ter opheldering vra in hierdie stadium, asseblief.

VOORSITTER: Ja.

ONDERVRAGING DEUR MNR. BURGER: Generaal, in paragraaf 12 van u eedsverklaring meld u 'n bevelslyn - kan u net weer (20) daarna kyk, asseblief - dan wil ek hê u moet in gedagte hou ook aanhangsel D waarna u reeds verwys het, oor hoe goedkeuring verkry word vir bepaalde projekte. Het u dit? Ten aansien van 'n projek wat sou insluit binnelandse geweld kan daar van enigeen van daardie persone in daardie bevelslyn goedkeuring gekry word vir so 'n projek deur die Suid-Afrikaanse Weermag? -- Volgens die bevelsdirektief aan die bevelvoerende generaal spesiale magte is offensiewe optrede wat geweld insluit beperk tot die buiteland en daar kan nie in die binneland so 'n goedkeuring gegee word nie.

(30)

Dankie/..

K3.26

- 74 -

KLOPPER

Dankie, mnr. die Voorsitter.

VOORSITTER: Dankie, generaal.

MNR. McNALLY: Die volgende getuie is brigadier Pfeil.

HEINRICH PFEIL v.o.e.:

VOORSITTER: C7.

MNR. McNALLY: C7 - C8.

VOORSITTER: Ekskuus tog, C8.

ONDERVRAGING DEUR MNR. McNALLY: Brigadier, is dit korrek dat u in oorleg met my kollega, adv. Burger, 'n verklaring opgestel het wat nou voor die kommissie is as BEWYSSTUK C8? (10) -- Ek het hom geskryf en hulle het hom vir my wetlik reggestel.

Kan u 'n bietjie harder praat, asseblief. -- Goed.

VOORSITTER: U sê u het hom self geskryf en hulle het hom toe .. -- Hulle het hom net nagesien, vir korrektheid.

MNR. McNALLY: Goed, begin asseblief by paragraaf 1 en gaan dan verder. -- Ek is 'n meerderjarige pensioentrekker. Ek was 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag. Ek het in Februarie 1970 'n lid van die Suid-Afrikaanse Weermag geword en het sedert daardie datum tot en met my aftrede as rekenmeester (20) binne die Suid-Afrikaanse Weermag diens gedoen.

Kan ek vir u vra op hierdie stadium het u enige akademiese kwalifikasies in daardie rigting of het u u rekenkundige kennis deur ervaring opgebou? -- Alleen deur ervaring.

Goed. -- Ek het op 30 April 1984 as offisier afgetree en wel met die rang van brigadier. Sedert 1 Mei 1984 was ek egter weer in diens geneem by die Suid-Afrikaanse Weermag as 'n senior rekenmeester en was sedert daardie datum gemoeid met interne audit binne die Suid-Afrikaanse Weermag en wel op die staf van die inspekteur-generaal van die Suid-Afrikaanse (30)

Weermag/..

K3.29

- 75 -

PFEIL

Weermag. Op 31 Januarie 1989 het ek ook uit hierdie hoedanigheid bedank met die oog daarop om te gaan rus. Gedurende 1989 is ek deur generaal-majoor Webb, die bevelvoerende generaal spesmagte - spesiale magte - genader om hom behulpsaam te wees met die interne

oudit van spesiale magte waaronder BSB ook ge- ressorteer het.

Ek het ingewillig om hom behulpsaam te wees en ek is gevolglik op 1 Oktober 1989 as 'n interne ouditeur aangestel deur die besturende direkteur van BSB. Met betrek-king tot my gemelde aanstelling het generaal Webb in besonder van my verwag om die interne boekhouding van BSB behoorlik(10) op datum te kry deur middel van die proses van interne oudit sodat dit die sake vir die ouditeur-generaal sou vergemaklik.

Dit sou ook 'n positiewe bydrae tot die interne beheer van uitgawes ten opsigte van die koverte operasies verbeter. Ek het onmiddellik na gemelde datum begin met die interne oudit van uitgawe-bewysstukke van BSB.

Het u by u huis gewerk? -- Ek het by my huis gewerk en sekere tye by 'n ander plek.

Goed. -- Op spesiale versoek van die bevelvoerende gene- raal spesiale magte het ek aanvanklik gekonsentreer op die(20) uitgawes aangegaan deur streek 2 waar 'n bestuursverandering gedurende September 1989 plaasgevind het. Ten einde aan hier- die versoek gevolg te gee het ek gevolglik uitgawe-bewysstukke van hierdie streek vir die tydperk 1 April 1988 tot 30 Septem- ber 1989 nagegaan. Die wyse waarop ek dit gedoen het, is om as uitgangspunt gewone rekenkundige beleid wat normaalweg in die Suid-Afrikaanse Weermag geld te volg. Ek moet egter meld dat as gevolg van die koverte inslag van BSB daar uiteraard sekere beperkinge op my geplaas is met betrekking tot die toe- gang tot lêers. Ek het gevolglik slegs voorskotte teenoor(30)

berekeningsdokumentasie/..

K3.30

- 76 -

PFEIL

berekeningsdokumentasie nagegaan ten einde vas te stel of hierdie items balanseer. 'n Rekenaardrukstuk ten opsigte van die uitgawes is aan my voorsien en ek het gevolglik die voor- skotbedrag getrek en die uitgawe daaraan verbonde afgemerkt op hierdie

rekenaardrukstuk wat aan my voorsien is om die teboek-stelling van die uitgawe te bevestig. Ek kan net meld dat hierdie drukstuk kolomme bevat wat aandui die datum van die transaksie, die bewysstuknommer, die projeknaam, die voorskot- bedrag, die uitgawebedrag en die kwitansie van terugbetaling, indien enige.

Ter illustrasie van dit wat aan my voorsien(10) is heg ek as aanhangsel A hierby 'n hipotetiese voorbeeld van so 'n drukstuk wat aan my voorsien is aan.

Sal u dit net met ons deurgaan. -- Die drukstuk het bestaan uit die bewysstuknommers wat in volgorde loop. Die eerste gedeelte het die streek aangegaan, so streek 5 as u daar kyk, die projeknaam, die lid betrokke, die reeksnommer wat dan in volgorde loop, die voorskotbedrag, die uitgawe-bedrag en indien daar 'n terugbetaling is die kwitansienommer en die bedrag. Kan ek voortgaan?

Ons gaan voort met paragraaf 7 van u verklaring. -- (20) By die uitvoering van my oudit moes ek skakel met ene Jaco ('n administratiewe naam) wat die inligting aan my verskaf het. By voltooiing van die bovermelde proses het ek dan weer druk- stukke en bewyse aan BSB teruggehandig.

Hoe het u met hom geskakel as u nou van u huis af gewerk het? -- Ek het 'n telefoonnommer - dit kom later.

Dit kom later. -- Ja, ek dui dit later aan. Ek het by Jaco verneem dat daar ook 'n handgeskrewe rekord van die voer- melde gegewens bestaan, maar dit is nooit aan my beskikbaar stel nie.

Die dokumente wat teen die drukstukke vergelyk (30)

is, is/..

K3.30

- 77 -

PFEIL

is, is aanvraag vir kontant en uitgawe-bewysstukke. Die aan- vraag vir kontant is in alle gevalle deur die ontvanger ge- teken en die bewyse van uitgawe deur die ontvanger sowel as die streekbestuurder. Eksel self kon uiteraard nie kontroleer wie werklik geteken het nie. Aan my is eenvoudig 'n dokument voorgelê wat

voorgegee het geteken te wees deur die lid sowel as die streekbestuurder. Ek kan net meld dat ek as riglyn vir my taak die finansiële handleiding wat bekend staan as finansiële stelsels gebruik het. Ek is meegedeel dat dit reeds in die besit van die kommissie deur die regsverteenwoordigers(10) van die Suid-Afrikaanse Weermag geplaas is. Hierdie dokument is deur die tesourie in oorleg met die ouditeur-generaal goed-gekeur.

Soos die gebruik by oudit is, het ek skriftelike informele navrae volgens bewysstuknommers, bedrae en projekname aan BSB gerig waar daar vir my onduidelikheid of onbevredigende aspekte was. In wese het die navrae wat ek gerig het gehandel oor:

(a) Magtigings vir uitgawe: Volgens finansiële voorskrifte was BSB verplig om ten opsigte van elke taak/diens of aankoop waaraan 'n uitgawe gekoppel was 'n magtiging te verskaf. (20)

(b) Onvoldoende inligting op verrekeningsdokumente: So byvoorbeeld is akkommodasietariewe in geografiese streeksverband goedgekeur en die bewysstuk verg dus verwysing na die streek, tydperk en die getal waar nodig vir die berekening van die uitgawe. In meeste gevalle het dit ontbreek.

(c) Onverrekenende voorskotte: Dit het geblyk dat daar voorskotte was waarvoor daar nog nie bewyse van uitgawe ingedien is nie en die begunstigde nog (30) verantwoordelik/..

K3.32

- 78 -

PFEIL

verantwoordelik is vir die terugbetaling van die totale bedrag.

Omdat ek geen toegang tot lêers gedurende die oudit gehad het nie, moes ek my verlaat op die kontant wat getrek is as 'n voorskot en die uitgawe daarteenoor verreken. Ek moet dus meld dat daar geen manier was waarop die werklike uitgawes vir 'n projek op

daardie stadium van die oudit met die gemagtigde be- grote bedrag vergelyk kon word nie. Ek het uiteraard ook geen kennis gedra van wat die bepaalde projek behels of wat die inhoud daarvan is nie. Ten opsigte van die meriete van (10) die uitgawe kan ek my gevolglik in geen opsig uitspreek nie. Ek het die oudit van streek 2 voorlopig afgehandel vir sover dit die bewysstuknasioning betref. Die oudit as sulks kan egter op datum hiervan nie afgehandel word nie omdat sekere navrae wat ek gerig het nog nie beantwoord is nie. Intussen het die res van die streke se ouditering op dieselfde grond- slag voortgegaan en wel met betrekking tot die tydperk 1 April 1988 tot 31 Maart 1989. Verskeie navrae is ook ten aansien van hierdie streke deur my deurgestuur vir beantwoording. Hiervan is plus-minus 50% binne die beperkings soos voor-(20) meld bevredigend beantwoord. Ek kan net meld dat die wyse waarop beantwoording geskied het, is dat die streekbestuurder of 'n lid van sy personeel die bewysstukke wat betrokke is en op lêer is, trek. Hy bring dan die betrokke finansiële lêer saam met hom na my toe en toon aan my net die bylae om die be- trokke uitgawe te staaf. Op 19 Januarie 1990 is ek deur die waarnemende hoof van die Suid-Afrikaanse Weermag, luitenant- generaal Liebenberg, skriftelik opdrag gegee om saam met generaal-majoor J.A. Klopper ondersoek in te stel na sekere aspekte van die bestuur en beleid van BSB. Ek is (30) meegedeel/..

K3.33

- 79 -

PFEIL

meegedeel dat 'n afskrif van hierdie skriftelike opdrag reeds deur die regsverteenwoordigers van die Suid-Afrikaanse Weer- mag aan agbare kommissie besorg is. Uit hoofde van my be- trokkenheid by die finansies van BSB is dit my deur generaal- majoor Klopper opgedra om te konsentreer op die finansiële aspekte wat by hierdie ondersoek ter sprake kom. Met betrek- king tot die finansiële beleid verwys ek die agbare kommissie met eerbied na die reeds

vermelde goedgekeurde finansiële stelsels van BSB. Uit my persoonlike kennis van die onafge-handelde oudit waarmee ek op daardie stadium in ieder ge- (10) val mee besig was, kon ek die nakoming van hierdie stelsels slegs tot in daardie mate beoordeel.

Dit kan egter in hierdie stadium nie 'n finale oordeel wees nie omdat ek uit die aard van die saak nog nie eers die uitgawe-bewysstukke oudit tot op datum hiervan voltooi het nie.

By my aanstelling om ondersoek in te stel soos voormeld het ek ook nog net pas begin met die nasien van personeel- en betaalstaatlêers en kon nog geen verifiëring van verhaalbare deposito's gedoen word nie. Daar is gevolglik nog geen rekonsiliasie tussen totale fondse getrek in vergelyking tot totale bewese uitgawes (20)

nie. Dit geld vir beide die 1988/89-boekjaar sowel as 1989/90-boekjaar. Sedert die waarnemende hoof van die weermag se opdrag aan my het ek by verskeie geleenthede gepoog om met BSB in verbinding te tree en wel deur gebruik te maak van 'n telefoonnommer wat my gebruikelike verbinding met BSB was. Ek het geen reaksie gekry nie en kon nie daarin slaag om met die finansiële bestuurder van BSB kontak te maak nie. Dit moet met eerbied uitgewys word dat ek nooit persoonlike toegang tot BSB se registrasie en/of lêers gehad het nie. My oudit kon slegs deur kontakpersone soos voormeld gedoen word. (30)

Aangesien/..

K3.38

- 80 -

PFEIL

Aangesien dit, vir sover dit die finansiële aspekte betref, vir my ontmoontlik geword het om my opdrag uit te voer, het ek en gemelde generaal-majoor Klopper 'n afspraak met die besturende direkteur van BSB, te wete mnr. Verster, gereël. Hierdie afspraak sou plaasgevind het op Donderdag, 1 Maart 1989 om 08h00 by die persele van BSB te Pretoria. Ek en generaal-majoor Klopper het na die persele van BSB gegaan vir nakoming van die afspraak. By ons aankoms

daar is ons deur ene Braam ('n administratiewe naam) meegedeel dat Verster nie daar is nie. Hy het ons verder meegedeel dat alle dokumentasie(10) wat op die perseel beskikbaar was namens die agbare kommissie en in terme van die beslagleggingslasbrief deur hierdie agbare kommissie verwyder is. Ek is gevolglik nie in staat om, behalwe vir dit wat hierbo uiteengesit is, enige verder lig op die finansiële beleid, finansiële praktyke en/of die finansiële doelmatigheid van die hantering van BSB se fondse behulpsaam te wees nie. Ek kan egter wel meld dat vir hierdie gedeelte van my oudit wat deur my voltooi is, ek geen onreëlmatigheid opgemerk het nie.

Brigadier, u het ook in algemene terme gepraat van (20) die finansiële beleid. Kan ons miskien kom by spesifieke gevalle. Het u ooit die spesifieke gevalle van streek 6, dit wil sê die binnelandse streek, geoudit? -- U bedoel nou die bewysstukke van streek 6? Ek het.

Is dinge soos vliegtuigkaartjies en hotelrekeninge en daardie tipe bewysstukke voor u geplaas in die proses van daardie oudit? -- Nie in die proses van die oudit nie, maar op 'n later stadium.

Het u insae gehad in sulke bewysstukke? -- Ek het in sekere van die bewysstukke insae gehad. (30)

Was daar/..

K3.39

- 81 -

PFEIL

Was daar ook gevalle waar bedrae geld ooit gegee was waar daar geen bewysstukke was nie, maar waar die streekdirekteur gesertifiseer het dat die geld behoorlik gespandeer was? -- Ja, dit is volgens die finansiële handleiding. Die stelsels wat goedgekeur is, kon 'n sertifikaat ingedien word vir uitgawes wat dan gespesifiseer is.

Het die streekbestuurder wat daardie sertifikaat onderteken het, sy ware naam geteken of het hy sy skuilnaam gebruik of sou u nie daarvan weet nie? -- Ek sou glad nie weet nie, want jy kan

nie die handtekening uitmaak nie, soos uself (10) weet.

Het u ooit persoonlik met kolonel Staal Burger kontak gemaak of enige gesprek met hom gevoer? -- Nooit.

So, indien die handtekening van ene Bert Brummer op so 'n sertifikaat voorgekom het wat sou aandui dat die geld op reëlmatige wyse gebruik was ter uitvoering van 'n projek, sou u dit aanvaar het? -- As die - soos wat ek gesê het die bewysstuk maak voorsiening dat die lid wat die geld getrek het teken en dat die streekbestuurder teken en hulle teken oor daardie denominasie.

(20)

VOORSITTER: Met ander woorde u funksie is 'n meganiese funksie lei ek af, u oudit. -- Ja, op die ...

Dit is nie 'n ware oudit in die sin dat u 'n steekproef kan maak om te bepaal of daar werklik sodanige uitgawes was, of daar werklik so 'n projek was nie? U moet aanvaar .. -- Op hierdie stadium nie.

Ja, u moet nou bloot aanvaar wat die streekbestuurder aan u voorlê. -- Dit is reg.

MNR. McNALLY: Is dit so? -- Dit is reg.

En u het inderdaad nie steekproewe gedoen in hierdie (30) meganiese/..

K3.40

- 82 -

PFEIL

meganiese proses waarna die voorsitter verwys nie, maar u het ieder en elke geval nagegaan, is dit reg? -- Ja, dit is so.

VOORSITTER: Ek lei ook af dat as ons nou na hierdie dokument kyk dan kry u daar 'n projeknaam, maar u het nie geweet wat dit beteken nie. -- Nee.

U kry bloot die naam. -- Ja, ek kry net bloot die naam.

So, u weet nie of die fiktiewe naam, soos u dit nou hier het as Jan, wat dit beteken en of dit inderdaad iets beteken nie? -- Glad nie.

MNR. McNALLY: Die voorsitter verwys daar na aanhangsel A (10)

tot u verklaring. -- Ja.

Dankie.

MNR. HATTINGH: Weer eens mag ons later vrae vra met u verlof maar nie op hierdie stadium nie.

MNR. BURGER: Geen vrae, dankie.

MNR. McNALLY: Die getuie vra, voorsitter, dat hy ten minste voorlopig verskoon word. Hy is eintlik teruggeroep van sy vakansie om te kom getuig en hy wil sy vakansie hervat in die Kaap.

VOORSITTER: Dankie, u kan gaan. (20)

MNR. McNALLY: Maar ons sal hom terugbring wanneer dit nodig is.

MNR. BURGER: Kommissaris, ek is jammer, dieselfde geld vir generaal Joubert. Hy het ook gesê hy het ander pligte, as dit vir mnr. McNally aanvaarbaar sal wees. Ek is jammer ek moes tussenbei tree.

VOORSITTER: Nee, die getuies kan verskoon word. Solank ons hulle net weer mettertyd kan kry.

GEEN VERDERE VRAE

MNR. McNALLY: Voorsitter, generaal Webb het gister (30)
aangedui/..

K3.41

- 83 -

BESPREKING

aangedui dat hy sal poog om die projekdokumente in die hande te kry en vandag na die kommissie toe te bring. Hy het vanoggend na my toe gekom en gesê dat alhoewel hy werklike pogings aangewend het om die opdrag van u na te kom, dat hy die dokumentasie nie kon kry nie. Hy is van mening dat die persone wat dit wel in die hande sal kan kry, is of Joe Verster wat onder artikel 29 aangehou word of Staal Burger wat blykbaar nie beskikbaar is nie. So, die kommissie se beamptes sal dit moet opvolg, maar dit is hoe ver ons kan kom met generaal Webb op hierdie stadium. Ek weet nie of u wil (10)

hê dat hy teruggeroep moet word om dit te sê nie of kan ons dit so laat?

VOORSITTER: Nee wel, ek aanvaar dat - die dokumente was nie op die perseel gewees toe kolonel Wright gaan kyk het nie, dan sal generaal Webb hulle ook nie daar kry nie.

MNR. McNALLY: Generaal Webb het my ook gesê dat hy nie weet waar die hoofkwartiere van kolonel Burger se sel is nie.

VOORSITTER: Ek het dit afgelei uit wat hy gister gesê het.

Mnr. Hattingh, kan ek u die guns vra of net ter oorweging aan u voorlê, u het gister genoem dat daar 'n moontlikheid is (20) dat u met mnr. Verster in verbinding sou tree of kon tree ...

MNR. HATTINGH: Sou probeer tree.

VOORSITTER: Of sou probeer tree. As u dit regkry dink ek sou dit moontlik ook in almal se belang wees, insluitende sy eie, indien u hom daardie vraag sou kon vra en kyk of ons net enige vordering kan maak.

MNR. HATTINGH: Ja, ek sal so maak.

VOORSITTER: Maar ek sal geen afleiding maak van die feit as u met leë hande terugkom nie.

MNR. HATTINGH: Mag ek miskien ook net op hierdie stadium (30)
onder u/..

K3.43

- 84 -

BESPREKING

onder u aandag bring dat generaal Webb my gistermiddag net na 17h00 geskakel het, telefonies geskakel het, en vir my gevra het om met mnr. McNally in verbinding te tree omdat hy ook sekere probleme ervaar vanweë die feit dat sekere dokumentasie wat die kodename van projekte en dan ook die kodename van die persone wat daarby betrokke was in beslag geneem is. So by- voorbeeld as ons na aanhangsel A kyk dan is daar 'n projek met die kodenaam Jan en die lid betrokke Piet. Hy wou op daardie wyse probeer vasstel watter lêers het betrekking op streek 6, want soos u sien onder die reeksnommer 555 word die pro- (10) jekte nie onder 'n spesifieke streek geregistreer nie, maar in 'n reeks volgnommers. As ons miskien net daardie inligting van mnr. McNally kan kry. Ek weet

nie of dit gaan help nie, maar ons sal probeer.

VOORSITTER: Nee, wat ek wil voorstel is dat u en generaal Webb direk na die verdaging met die beamptes van die kommissie na die lêers kyk, hulle is hierbo beskikbaar, en kyk of u enigiets daaruit kan wys word.

MNR. HATTINGH: Hoekom ek dit nou noem is nie soseer omdat generaal Webb die inligting sal gee nie, maar as ek aan u (20) versoek voldoen om met mnr. Verster te praat glo ek dat hy ook daardie inligting nodig sal hê.

VOORSITTER: Nee, ek dink u sal vind daar is 'n klomp name, soos u weet, 'n reeks name wat niks beteken vir 'n buitestaander nie.

Dit is of generaal Webb of mnr. Verster gaan moontlik weet wat dit beteken.

MNR. HATTINGH: Ons sal kyk wat ons kan doen.

VOORSITTER: U kan maar daar 'n lys name trek.

MNR. McNALLY: Ja, ons wat die beamptes van die kommissie is, sal beslis toegang tot dit wat ons het verleen aan my (30)
geleerde/..

K3.48

- 85 -

BESPREKING

geleerde vriend mnr. Hattingh en die persone wat hy verteenwoordig. Mnr. die Voorsitter, ons eintlik feitlik klaar vir die dag. Mag ons op hierdie stadium 'n kort verdaging neem, miskien die gewone verdaging? Daar is een of twee aspekte wat ek na die verdaging wil opneem.

DIE KOMMISSIE VERDAAG VIR TEE. DIE KOMMISSIE HERVAT.

MNR. McNALLY: Mnr. die Voorsitter, daar is net een aspek wat ek vandag nog met u wil opneem en dit gaan oor die bewering dat advokaat Lubowski betaal was deur die Suid-Afrikaanse Weermag. Ek verstaan dat ons gewysigde opdrag nog nie (10) ter hand is nie, maar ek wil voorstel dat ons kan voortgaan op die veronderstelling dat ons dit eersdaags sal ontvang. Dit wat ek vandag aan u in daardie

verband wil voorlê is 'n aan- soek van generaal Badenhorst dat hierdie aspek in camera aan- gehoor moet word en dat dit as uiters vertroulik deur die kom- missie beskou moet word. Ek lees sy verklaring aan u voor, en dit sal BEWYSSTUK D1 wees. Die verklaring lui soos volg:

(Inhoud van BEWYSSTUK D1 word deur mnr. McNally uitgelees.)

Dit is geteken deur generaal Badenhorst.

VOORSITTER: Mnr. McNally, ondersteun u hierdie versoek? (20)

MNR. McNALLY: Ja, ek het insae gehad in sekere van die doku- mente en daaruit blyk dit vir my dat hierdie aansoek meriete het en ek ondersteun dit.

MR LUITINGH: Mr Chairman, I am not sure whether the applica- tion and to what extent it is articulate in the sense that he is asking you to exercise a discretion as to who can attend that particular hearing. Mr McNally has indicated to me that he is of the view that that would be to the exclusion of my- self as well as my legal team. I am sure that there are de- grees of exclusion and ... (30)

CHAIRMAN/..

C3.56

- 86 -

DISCUSSION

CHAIRMAN: Obviously there are.

MR LUITINGH: And I have no difficulty in understanding Mr McNally and also General Badenhorst's request that sensi- tive issues like that should be dealt with in camera. Whe- ther or not it should be to the exclusion of Mr Lubowski's legal representatives is with respect another matter.

CHAIRMAN: But there are two stages obviously or two aspects. The one aspect is any evidence which may be presented on be- half of the Lubowski family, and that conceivably need not be in camera, depending on what your attitude is about that. (10) So we can have that in public if that is your wish.

MR LUITINGH: Certainly.

CHAIRMAN: All right. So that we can do. As far as the other is concerned I think the appropriate procedure would be for me to have an preparatory examination to your exclusion and after the preparatory examination then decide who else - whether I can draw you in or whether the matter can be heard in public. In other words we do it in stages. Would that be suitable?

MR LUITINGH: Yes. Mr Chairman, I just do not want to find ourselves in a position where allegations that have been made(20) remain unanswered in the final analysis.

CHAIRMAN: No, I appreciate that and I also appreciate the problem that, the onus that is placed upon me in drafting a report which presumably will have to be made public without disclosing the facts which are detrimental on the one hand but on the other hand which give a full picture of the truth.

MR LUITINGH: Certainly.

CHAIRMAN: So, I am - it is not an easy dilemma for me to exercise a discretion here, but could we do it on this basis then, everything being provisional, that I will conduct a (30)

provisional/..

C3.59

- 87 -

DISCUSSION

provisional inquiry in camera with only Mr McNally and myself and the witness and with may be or may be not Mr Burger pre-sent but no one else, and depending on what we find there we can either present certain facts to you ..

MR LUITINGH: To counter.

CHAIRMAN: To counter or to deal with anything or to repeat the evidence in public, depending on what materialises.

MR LUITINGH: Yes.

CHAIRMAN: That is the one leg of the enquiry. The second leg of the problem at this stage is that I understand from (10) Mr McNally that arrangements have been made for a witness to be here on Friday from South-West. Apart from that person is there any

other evidence you believe you can materially, or wish to tender, or wish to consider?

MR LUITINGH: Yes, there is considerable evidence because there is not only the South African Defence Force that have sensitive issues to deal with. There are other political parties indeed that have similar sensitive issues that they want to place - but by virtue of the distance that I have to travel obviously in getting my instructions and by virtue of the (20) time factor, particularly as a result of this statement that came to parliament at a relatively late stage, I am unfortunately being hampered and it is inopportune for me and unfortunately I am unable to present that evidence by this Friday but certainly in anticipating at least some of the issues which we have already dealt with in consultation and some of the material that should be placed before you or before Mr McNally in any event to lead before you, there is considerable material and that we will not be able to do by Friday.

(30)

CHAIRMAN/..

C3.60

- 88 -

DISCUSSION

CHAIRMAN: No, let us accept it is not available by Friday, then what date can we place for that exercise?

MR LUITINGH: I would imagine that we will be able to do that by the third week in this month.

CHAIRMAN: So let us put it this way, what I shall then do is I will conduct the preliminary examination in camera on Friday. I can do that. The witnesses that are to come, we can either hear them on Friday or postpone their visit depending on your wishes.

So, could you make the necessary arrangements with Mr McNally?

(10)

MR LUITINGH: Yes.

CHAIRMAN: I will then in the meantime proceed with that matter

on Friday and maybe then simply go on with Nofumela, but I think that if possible I would appreciate it if you could arrange an early date as far as the rest is concerned, but make your arrangements with Mr McNally and they can always change depending on circumstances.

MR LUITINGH: I am indebted.

VOORSITTER: Is dit reg so, mnr. Burger?

MNR. BURGER: Ek is tevrede, dankie. (20)

MR McNALLY: That concludes the business for today, Mr Chairman. We will carry on with Nofumela tomorrow and I think that is going to occupy full normal court times.

THE COMMISSION ADJOURNS UNTIL 7 MARCH 1990.

Collection Number: AK2300

HARMS COMMISSION OF INQUIRY, Death squads 1990

PUBLISHER:

Publisher:- Harms Commission of Inquiry

Location:-

©1990

LEGAL NOTICES:

Copyright Notice: All materials on the Historical Papers website are protected by South African copyright law and may not be reproduced, distributed, transmitted, displayed, or otherwise published in any format, without the prior written permission of the copyright owner.

Disclaimer and Terms of Use: Provided that you maintain all copyright and other notices contained therein, you may download material (one machine readable copy and one print copy per page) for your personal and/or educational non-commercial use only.

People using these records relating to the archives of Historical Papers, The Library, University of the Witwatersrand, Johannesburg, are reminded that such records sometimes contain material which is uncorroborated, inaccurate, distorted or untrue. While these digital records are true facsimiles of paper documents and the information contained herein is obtained from sources believed to be accurate and reliable, Historical Papers, University of the Witwatersrand has not independently verified their content. Consequently, the University is not responsible for any errors or omissions and excludes any and all liability for any errors in or omissions from the information on the website or any related information on third party websites accessible from this website.

This document is part of a private collection donated to Historical Papers at The University of the Witwatersrand.